

Tema: Een Herder met een Kudde

Skrifvoorlesing: Joh 10: 1-21

“Ek is die goeie herder, en Ek ken my eie en word deur my eie geken. Net soos die Vader My ken, ken Ek ook die Vader; en Ek lê my lewe af vir die skape. Ek het nog ander skape wat nie aan hierdie stal behoort nie. Ek moet hulle ook lei, en hulle sal na my stem luister, en dit sal wees een kudde, een herder. Daarom het die Vader My lief, omdat Ek my lewe aflê om dit weer te neem.” (Joh 10:14-17)

In hierdie gesprek met die Jode het ons Here Jesus ‘n paar belangrike “*Ek- uitsprake*” oor Homself gemaak:

- (1) Ek is die deur van die skape (v 7b).
- (2) Ek is die goeie herder (v 11a).
- (3) Ek lê my lewe af vir die skape (v 15b)

Hierdie uitsprake gee groot troos en sekerheid vir elkeen wat hom bekeer en sy lewe aan Christus toevertrou:

- (1) “...as iemand deur My ingaan, sal hy gered word, en hy sal ingaan en uitgaan en weiding vind.”(v 9)
- (2) “...en Ek ken my eie en word deur my eie geken.”(v 14)
- (3) “...en dit sal wees een kudde, een herder.” (v 16c)

- **Hoekom is juis Hy “die deur” vir “die skape”?**

Omdat ons alleen deur Hom gered kan word en so toegang tot die Vader kry. Wie nie deur Hom tot God nader nie, word deur Homself beskryf as “‘n dief en ‘n rower”. So iemand doen hom vals voor as deel van die kudde of herder vir die kudde, maar deel nie in die nuwe lewe wat God gee nie.

- **Hoekom is juis Hy “die goeie herder”?**

Hy ken en roep sy eie skape by die naam. Hulle ken sy stem. Hy loop voor hulle uit. Sy skape volg Hom, want hulle ken Hom. Die wat Hom volg leef uit sy goedheid en sal nooit sonder hulle Leier wees nie. In ‘n verwarde wêreld maak hulle lewe steeds sin deur Hom te volg.

- **Hoekom lê juis Hy sy lewe vir sy skape af?**

Uit liefde van en vir die Vader. Uit liefde vir sy skape (van watter volk ookal), sodat hulle een kudde van een Herder kan wees, want met sy een lewe as offer en losprys, red Hy die wat in Hom glo. Verder “voed” Hy ons met die ewige lewe soos wat ons daaglik “ingaan en uitgaan en weiding vind”.

Toerusting

Hoe raak dit ons voorbereiding vir die Nagmaal?

By selfondersoek moet ek vra:

- Is die Here Jesus vir my die enigste “deur” na die Vader en het ek Hom gevind?
- Hoor ek nog sy “stem” wat my by die naam roep en volg ek Hom ter wille van sy goedheid?
- Getuig my woorde en dade daarvan dat ek deel is van sy een kudde?
- Is sy opstandingslewe ook vir my die daaglikse bron van lewe tot eer van God?